

KOMMUNIKAMMA



Teks vir die week:

Psalm 32 : 8. "Ek wil vir julle onderig en die pad leer wat jy moet volg, Ek wil vir jou raad gee en my oog oor jou hou."

SAKE VIR GEBED

- * Ons bid vir vertroosting en berusting vir almal wat geliefdes die afgelope tyd verloor het.
- * Willie Moller gaan vir toetse die week.
- * Bid ook vir Irma Loots wat nog behandeling ontvang en vir Hartman en Maryna Potgieter wat ongesteld is.
- * Ons dank die Heer vir die droogte wat op plekke gebreek is, maar ons bid vir nog reën vir Port Elizabeth se opvangsgebiede asook ander streke wat nog steeds gebuk gaan onder die knellende droogte.
- * Bid die Here se seën op vandag se Nagmaaldiens. Ons glo dat elkeen 'n besondere ontmoeting met Jesus sal hê en dat elkeen rus en vrede in hul harte sal ondervind.
- * Bid ook vir die Maartmalligheidfunksie wat op die 1 Maart plaasvind. Bid dat dit 'n suksesvolle geleentheid sal wees en dat dit goed ondersteun sal word.
- * Dra asseblief weer al die inwoners van Kleinskool aan die Here op. Ons bid dat God in Sy groot genade 'n wonderwerk daar sal laat gebeur.
- * Bid ook vir die kinders en personeel van MTR-Smit kindershuis.
- * Die beroepingsproses van PE-Noord is afgehandel. Bid vir die gemeente en die proponent wat beroep is.

SONDAG 24 FEBRUARIE 2019

09:00 Gesamentlike nagmaal in kerksaal
Kleuterkerk

Deurdankoffer - Hulp aan gemeentes

MAANDAG 25 FEBRUARIE

12:45-14:00 Gebedskild in die gebedskamer.

DINSDAG 26 FEBRUARIE

Leefkerk.

WOENSDAG 27 FEBRUARIE

KERMIS SAMEROEPERS

18:00 – 19:00 Kermis sameroepers kom bymekaar in die konsistorie. Indien jy betrokke wil raak by ons kermis op 1 Mei 2019 is jy welkom om by ons te kom aansluit.

MANNEBYEENKOMS VRYDAG 1 MAART

04:45 Ons vertrek vanaf Elandre Bosch, Lilylaan 68 se huis na 'n mannebyeenkoms van 05:00 – 06:30 by Storehouse kerk op die hoek van Vitry en Moselle straat. Warren Elliot gaan die aanbidding lei en gesels oor "gehoorsaamheid en woede".

VRYDAG 1 MAART

05:45 Wêreldbiddag vir vroue onder die bome by die kerkgebou. Tema: Kom – Alles is gereed.
(Die tema is voorberei deur die Wêreldbiddagkomitee van Slowenie)
Alle vroue is welkom.

MAART MALLIGHEID 1 MAART

Almal word uitgenooi om die malligheid te kom ondersteun. Kaartjies te koop by selgroepe en die kerkkantoor teen R60-00 per persoon.

Daar sal pannekoek te koop wees by Maart malligheid.

Bestellings kan vooraf gemaak word by Elizma, sel 083 940 5617.

SATERDAG 2 MAART

WÊRELDBIDDAG VIR MANNE

05:45 – 07:00 Wêreldbiddag vir manne by Elandré Bosch, Lilylaan 68. Alle manne, jonk en oud is welkom om te kom saamkuier en bid.

SONDAG 3 MAART

Die gemeente vier 46 jaar van genade

08:30 Eietydse diens

10:00 Klassieke diens

11:00 Jeugpieknik

Die jeugpieknik is om 11:00 by Westview lapa. Bring Swemklere, wors, broodjies, drinkgoed en eetgerei. Bring die hele gesin en geniet die dag. Laat weet asb u kind se kategeet indien u kom.

OUDERLING VERKIES

Op die Kerkraadsvergadering gehou op 20 Februarie 2019 is Jean-Mari Oberhölzer as ouderling verkies.

NUWE INTREKKERS

Vul die groen vorm in die voorportaal in. U kan ook die kerkkantoor kontak by tel 041-3601484 of 'n e-pos aan Anita by admin@ngkraggakamma.co.za.

VERBLIF BENODIG

Gavin, ons motorwag by die kerk is asb op soek na slaapplek tot einde April. Hy wag vir permanente blyplek in 'n woonstelblok in William Moffet. Hy slaap op die oomblik in 'n pakkamer by Stella Londt sportgronde. Indien enige iemand kan help, kontak asb die kerkkantoor.

MIGHTY MEN 8-10 MAART 2019

Die Mighty Men Oos-Kaap gebeurde vind oor 12 dae plaas. Kry al jou inligting by www.mightymenEasternCape.co.za

KERMIS – WITOLIFANTTAFEL

Die Witolifanttafel is op soek na enige bruikbare artikels. Bring dit na die kantoor van Dinsdag tot Vrydag.

Daar word ook asb na konvenors gesoek vir die volgende: Jaffels, fietsry en speletjies.

DE DUIN GEMEENTE POTJIEKOSKOMPETISIE

Datum: 9 Maart
Kom ondersteun asb ons potjiekos-kompetisie by De Duin gemeente.
Tyd: 10:30 – 14:00
Ete: R50
Poeding: R10
Pannekoek: R3
Koffie: R10
Vir navrae skakel: 041 585 4130.

MTR SMIT KINDEROORD

Almal word hartlik uitgenooi na 'n *Musiek Trivia* op 9 Maart 2019 om 18:30 by die Duitse klub.
Kaartjies: R50 per persoon
Kos en drinkgoed sal te koop aangebied word.

GEBEDSVERSOEK - PAKISTAN

* Nagenoeg 700 meisies en vrouens word elke jaar ontvoer, verkrag, en het gedwonge huwelike met nie-gelowiges.

* Bid vir beskerming van Christenvroue en -meisies in Pakistan.

Janine en Therèse besoek die Midde-Ooste 24 April om vrouens te gaan bemoedig.

Jy kan deel wees van hierdie reis deur saam te bid; of op praktiese maniere betrokke raak deur van die volgende items te voorsien:

Bedsokkies, gehekelde kruisies, filterkoffie, boksies sjokolade en smarties, inkleurboeke, kryte, springtoue, en tennisballe, asook kostuumjuwele. Kontant donasies om kospakkies te voorsien aan Christene wat deur ISIS ontwortel is.

Kontak gerus ons kantoor indien jy betrokke wil raak by 041-3601946.

VERBETERINGE AAN DIE KERKGEBOU

Die 1ste fase van verbetering aan die kerkgebou sluit die bou van 'n verhoog, verbetering aan die moederskamer en klank in. Die tenderdokumente hiervoor is byna gereed om uit te gaan na kontrakteurs. Indien u bewus is van 'n kontrakteur wat wil tender vir die bouwerk, kontak asb die kerkkantoor. Daar word beplan dat die bouwerk tydens die Junie/Julie vakansie gedoen sal word. Terwyl die bouwerk gedoen word, sal alle eredienste in die saal plaasvind.



Gebruik SnapScan en betaal jou:
Dankoffer
Maandelikse Bydrae
Donasie, ens..